Ek is jammer.

E.K.M. Dido.

Die twee tienerseuns sit gebukkend vooroor met hulle hande slap tussen hulle uitgestrekte bene op die koel, wit marmerklip. So af en toe gee elkeen 'n swaar sug. Die een tel ‘n hand vol skerp, grys klippies langs hom op, en laat dit weer een vir een uit sy hand glip.

Dis stil en warm waar hulle sit, maar albei se wit skoolhemde is tot onder die nek toegeknoop. So plek-plek brand die son deur die blare van 'n akkerboom op hulle neer. 'n Sonkol val op een van die seuns se stowwerige swart skoolskoene; hy trek sy been stadig op en hou sy knie vas. En sug. In die boomtakke ver bokant hulle koer 'n duif. 'n Mossie sweef uit die blou lug grond toe en gaan sit en tjirp-tjirp op 'n marmerblad nie ver van hulle af nie. Die seuns steur hulle nie aan die mossie nie. Steur hulle ook nie aan die veraf gedreun van motorenjins en trokke nie. Hulle sit net koponderstebo op die marmerklip.

“Ou Dingo se nuwe kaia lyk snaaks noudat die grond gelyk is en die marmer op is, ne bra Mike?” breek een die stilte.

“Is so, Charlie,” antwoord Mike en draai sy kop skuins en kyk na die koppenent van die marmerklip. Sy lippe bewe effens toe hy weer praat. “Ek is regtig jammer, Dingo. jy sal nooit weet hoe jammer nie! Ek het nooit bedoel om jou in te trek nie. Ek ...” Hy hou op praat en vryf sy hande teen mekaar.

“Ek is net so jammer, my bra,” sê Charlie sag en tel weer klippies op en kyk hoe hulle een vir een uit sy hand val.

Vir 'n lang ruk sit hulle weer stil. Elkeen met sy eie gedagtes.

Toe, asof hulle mekaar se gedagte lees, swaai hulle koppe na die skrif op die kopsteen, en begin hulle sag maar duidelik lees wat in groot, dik, swart skrif op die wit marmerklip uitgebeitel is:

JOHN MATTHEW DINGO

2 Des. 1988 - 24 Aug. 2005

‘Vir 'n kort tyd was jy aan ons geleen, maar vir altyd sal ons jou onthou’

“Ek is regtig jammer, Dingo. Ek mis jou verskriklik!” sê Mike, en kyk dan na Charlie. “Dink jy ou Dingo kan ons hoor?” vra hy.

Charlie antwoord nie dadelik nie. Sy oë blink en hy blaas eers sy

neus aan sy linkerhempsmou uit. “Ek weet nie, my bra,” antwoord hy met 'n bewerige stem. “Maar ek dink so.”

Mike se kop ruk na sy maat. “Regtig?” vra hy. Sy stem klink hoopvol. Hy gee 'n vinnige kyk na die koppenent van die marmerklip en kyk dan weer na Charlie.

“Ja, ek dink bra Dingo kan hoor," herhaal Charlie. “Ek was eenkeer in 'n *vibe*. Lank voor die goed gebeur het. Daai dag het ek gou 'n paar hits tik-tik met die manne op die winkelhoek gevat. Ek weet nie waar jy en bra Dingo was nie, want julle was nie by nie...”

“Charlie, kom by die punt uit!” onderbreek Mike hom.

“Oukei. jammer. *Anyway,* jy weet hoe daai goed my laat praat. Aanmekaar sonder ophou, jy weet mos! Ek sê jou my broer, ek wou stilbly, maar my tong was so los dat niemand my kon stil kry nie. Terug by die huis moes ek kougom in my kieste druk om te kon stilbly. Oor die tannie by wie ek bly my so uitgekyk het, was ek toe verplig om langs haar op die bank te gaan sit en na haar program te kyk. Dit was nogal 'n kerkprogram!” sê hy met 'n tikkie ergernis in sy stem. Sy vriend se mond gaan oop, maar hy praat vinnig verder. “Ja-nee, soos ek mos sê, daar sit ek toe in 'n

lekker *vibe* langs die tannie en TV kyk na 'n klomp predikante wat aan die stry was oor dooie mense ... jammer, bra Dingo," maak hy vinnig verskoning na die koppenent van die klip toe voor hy weer verder praat.

Maar voor hy 'n verdere woord by sy mond kan uitkry, gee Mike 'n harde snik en gaan kniel by die kopklip. Sy trane kom vinnig uit en rol onkeerbaar oor sy wange. "Ek is jammer, Dingo. So jammer!", herhaal hy aanhoudend deur die snikke.

Toe hy bedaar, staan hy van sy knieë af op en gaan sit styf teen Charlie op die rant van die marmerklip. Mike sit en kyk reguit voor hom uit. Knip nie eens sy oë nie. Na 'n lang tyd vra hy weer, sonder om na Charlie te kyk: "Wat het die predikante toe te sê gehad?"

"Ek mis hom ook, ou Mike. Ons sal nooit weer 'n pal soos hy kry nie," troos Charlie en sit 'n arm om sy vriend se skouer. "Ja, ek mis hom. Die hele skool en die hele community mis hom. Dinge sal nooit weer dieselfde wees sonder hom nie, né?"

"Die predikante, Charlie!" sê Mike nou duidelik ongeduldig. Hy wikkel hom onder Charlie se omhelsing uit en staan op, druk sy hande in sy broeksakke en gaan staan so 'n tree van die graf af

weg en kyk na sy skoene.

Charlie kyk hom effens verbaas aan. “Wat makeer jou? Moenie jou *moods* op my en Dingo kom uithaal nie. Anyway, die predikante het oor jy-weet-wat gepraat en gestry totdat ek kon skree van verveeldheid. Maar ek kon nie die kanaal verander nie, want die tannie het mos langs my gesit. En net toe ek dink ek kan nie meer 'n oomblik langer na hulle luister nie, het een van hulle gesê dat jy-weet-wat ons kan hoor al is hulle nie meer met ons nie.” Klaar gepraat, blaas hy sy asem hard uit en tel weer ‘n hand vol klippies op en skiet dit een vir een met sy duim en wysvinger in die lug op dat dit so 'n entjie ver val.

“Haai, maar daai dag het daai goed my snaaks gevat, my bra,” sê hy asof iets hom nou net bygeval het. Sy stem is 'n bietjie harder en hy klink skielik opgewek, soos die van iemand wat aan iets lekkers dink en net-net wil lag.

Seker oor hy 'n bietjie opgewek klink en lyk, dat Mike hom vinnig aankyk en agterdogtig vra: “En nou?”

“Nee, ek dink maar net. My kop was daai dag mos lekker deurmekaar, my bra. Jy weet, 'n gevoel asof my brein by my oë uitkom en deur die hele huis swem. Nes 'n ballon. En het ek lig

gevoel! Ek moes eintlik die bank met albei hande vashou, want dit het gevoel asof ek soos Humpty Dumpty deur die lug gaan trek en myself gaan stukkend val as ek nie aan iets vasklou nie. Daai was die eerste keer dat ek twee *hits* kort op mekaar gevat het." Sy stemtoon verander skielik. Hy het 'n diep frons op sy voorkop en lyk baie ernstig. Hy sit sy regterhand op sy bors en met sy linkerhand streel hy die letters op die marmerklip. En staan kiertsregop.

"Bra Dingo, ek sweer nou vir jou hier voor bra Mike. Na die *happenings* het ek nooit weer aan 'n tik-tik of 'n ding geraak nie, s'true's, my bra. Nie eens aan sigarette nie. Ek is klaar met daai goed. Vra maar vir bra Mike as jy my nie wil glo nie. Sê hom, Mike!"

Charlie is so ernstig dat 'n toeskouer sou dink dat Dingo in lewende lywe daar voor hulle staan. Hy kyk afwagtend na Mike. Die staan ook nader, nog steeds met hande in die sakke.

"Dis waar, ou Dingo," sê Mike doodernstig, "Charlie het 'n nuwe blaadjie omgeslaan. Selfs sy ma kan nie oor die verandering in hom uitgepraat raak nie!"

Charlie lyk tevrede en gaan haal die twee skooltasse wat agter die

akkerboom versteek gelê het. “Reg, bra Mike. Kom ons stap aan voor die laaste kind al in die *township* is en die tannie uitvind dat ek nie heeldag by die skool was nie. Sien jou volgende keer as ons 'n vry periode het, bra Dingo,” gesels hy en slinger een van die skooltasse oor sy skouer.

Mike beweeg nie. Maak ook nie aanstaltes om sy tas op te tel nie.

“Bra Mike?” vra Charlie onseker. “Wat pla? Jy is al die hele middag in 'n snaakse *mood*.” Mike se kop sak laag op sy bors. Toe hy begin praat, is dit so sag dat Charlie moet nader staan om beter te hoor. “Gaan jy maar huis toe, Charlie,” prewel hy. “Ek wil nog 'n rukkie hier by Dingo bly en hom probeer oortuig dat ek regtig jammer is vir wat ek gedoen het. Als was my skuld. Ek kan dit nie langer uithou nie. Die skuldlas is te groot. Ek kan dit nie meer dra nie!”

“Waarvan praat jy?” vra Charlie nou heel uit die veld geslaan. Hy laat glip die boeketas van sy skouers af en gaan staan weer dig teen Mike. Hy staan so naby sy vriend dat dit lyk asof sy oë skeel trek. Later is Mike die een om ‘n tree agteruit te gee.

“Waarvan praat jy, huh?” herhaal hy. “Jy weet tog dat ek die een was wat die tik-tik en die lollie gekry het en vir jou en bra Dingo

daai aand by die dans verpes het om *hits* te vat. Jy weet hoe ek aangegaan het toe bra Dingo niks met die goed te doen wou hê nie! Gits, ek lê elke nag wakker en wonder of hy nog sou lewe as ek nie so aangehou het dat hy die *hit* moet vat nie. Maar ek wou net dat hy die dans geniet, dat hy lekker kon loslit wees! En op die ou end toe hy die *hit* in het, het hy nie eens gedans of na ‘n meisie gekyk soos ek gehoop het hy sou nie! Ek weet nie wat jou plan is nie, bra Mike, maar jy kan my nie nog erger laat skuldig voel as wat dit nou is nie!” Charlie is nou kwaad. Sy wange en nek is rooi en sy vuiste is gebal. Met ‘n vloek tel hy sy skoolsak op, draai om en stap weg.

Maar hy het skaars die eerste paar treë gegee, of iets wat Mike sê, dwing hom tot stilstand.

Hy draai om en kyk sy vriend fronsend aan. “Hoe nou?” vra hy en staan weer nader aan die graf.

Mike se gesig is bleek. Sy onderlip bewe. Hy kyk sy jare lange vriend vas in die oë.

“Ek sê dat dit my skuld is dat Dingo nie meer vandag hier is nie. Regtig. Ek is vandag hier om vir hom te sê dat ek gaan praat. Ek kan nie meer stilbly nie! Alles moet uit en dan kan daar maar

kom wat wil! Ek kan nie meer nie, Charlie! Ek weet dat die hele gemeenskap dink dat jy die sondaar is, maar almal is verkeerd. Dit was ek!"

Charlie skud sy kop vinnig heen en weer nes iemand wat hare gewas het, en van die oortollige water ontslae wil raak. Sy oë nog steeds op sy maat gerig. "Huh? Voel jy siek?" vra hy verward.

"Ek makeer niks, net baie moeg van die geheim wat nou te swaar vir my geraak het om verder rond te dra." Hy bly stil, tel 'n blommekrans op en hou dit met albei hande styf teen sy bors vas. "Onthou jy," begin hy weer, "daai aand met die dans het ek en Dingo die *hits* gevat? Behalwe vir my oë wat so groot soos pierings geraak het, was daar verder niks fout met my nie. Met Dingo was daar groot fout. Maar dit sou jy nie weet nie, want jy is weg om te gaan dans. Nee, ek blameer jou nie," las hy vinnig by toe Charlie se kop opruk.

"Dingo," gaan hy voort, "het net na die *hit* gekla dat hy nie lekker voel nie en wou uit die dansplek kom en huis toe gaan. Toe ons net buitekant die deur op die boonste trap kom, het hy gesê dat hy dit nie tot by die onderste trap sou maak nie. Sy oë was so groot soos pierings en sy kop en sy lippe het 'n snaakse blou-vaal

kleur gehad. Hy't ook nie lekker asemgehaal nie. Dit was so asof iets sy gorrel toegedruk het. Met elke asem het hy saggies na sy ma geroep."

"Ek het nie geweet wat om te doen nie, Charlie!" gaan hy voort en sien hoe sy vriend bleek word en sy skooltas al hoe stywer vashou. "Niemand het ons gehelp nie. Almal wat verby ons geloop het, het net gespot oor Dingo wat so hoog in die takke was. Terwyl ons die trappe afsukkel, het hy sy selfoon vir my gegee en "Ma" gefluister. Maar ... maar ..." Sy oë dam op en groot trane begin oor sy wange loop. Die skooltas glip uit Charlie se hande en sonder om 'n woord te sê, sit hy sy arms om sy skoolmaat se skouers. Maar hy frons nog.

"Charlie," snik Mike dit uit, "nog voor ek sy ma kon bel, het Dingo net slap teen my geval. Ek het gesukkel om hom tot op die onderste trap te kry. En ... en ... ek het geskrik, Charlie! As my pa moes weet dat ek 'n *hit* gevat het, sou hy my doodmaak! Ek het geskrik! Glo my!" smeek hy.

"Bra Mike, wat probeer jy sê?" wil Charlie weet. Daar is onsekerheid in sy stem.

"Ek het vir Dingo aan die agterkant van die onderste trap gelos

en huis toe gehardloop!” halfskree Mike. Trane loop nou vinnig oor sy wange, en 'n streep kleurlose snot glip deur sy lippe tot in sy mond.

“Mike?” vra Charlie sag. Sy stem klink vreemd bang. “Wat probeer jy sê, Mike?”

“Dingo het nie meer asemgehaal toe ek hom daar gelos het nie! Ek het geskree dat iemand my moes help. Niemand het eens na ons gekyk nie! En toe raak ek bang. Wat sou ek vir my pa sê? Hy het gedink dat ek en jy en Dingo na die kerk se jeugbiduur toe was. Ek het hom nie gesê waarheen ons regtig gegaan het nie. Jy weet wat sy reaksie sou wees: “’n Pastoor se kind gaan nie na wêreldse plekke toe nie.” Ek was bang, en het vir Dingo daar in ‘n hoek laat lê, en gehardloop. Huis toe. Na my bed toe. 'n Lafaard, se ek jou, ‘n lafaard, dit is wat ek was! Die volgende oggend was ek kamma verbaas en verslae. Die res ken jy.” Mike hik en snik nou hard.

Charlie los 'n swaar vloekwoord. Sy mond hang vir 'n oomblik oop. En toe trek hy sy vriend nog nader en huil saam met hom. Saam sak hulle grond toe met hulle koppe op die marmergrafsteen net onderkant Dingo se naam.